Mei - Junie 2005

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 4, No. 3 Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# "Skandelike hartstogte"

Elke nou en dan is dit noodsaaklik vir ordentlike mans en vroue om waarlik 'n stryd te voer oor iets lewensbelangrik. Dit is *nou* die tyd vir al diegene om tot God uit te roep en vir hulp te vra.

*Waarom?*

Daar is *baie* verskriklike sondes wat die Amerikaanse en Britse afstammelinge teister. Een van die ergste en mees fundamentele sondes vandag is egter dat ons as mense iets begin aanvaar waarvan hulle twintig of dertig jaar gelede nie eens sou droom nie – *huwelike tussen mense van dieselfde geslag*! Hierdie sonde tref die kern van alle betaamlike menslike samelewings. Dit omskryf die soort mense wat ons is en sal word. Dit raak aan die hart van al ons beskaafde waardes.

Die Amerikaanse Senaat se meerderheids-partyleier, Bill First, het hom duidelik oor hierdie vraagstuk uitgespreek. Hy sê: "Die huwelik is baie eenvoudig: 'n eenheid tussen een man en een vrou, nie twee of drie of vier mans of een man of een vrou of twee vroue, drie vroue of drie vroue en drie mans nie. Dis nie dít nie. Dit is een man en een vrou. Dit is die wet van die land".

Nietemin is baie van die belydende Christenkerke besig om stilweg met hierdie beweging na huwelike tussen persone van dieselfde geslag "in te val"! Op 5 Augustus 2003 het die Verenigde State se Anglikaanse Kerk die instelling van "homoseksuele eenwordings" bevestig en hul eerste homoseksuele biskop ingeseën. 'n Hele aantal groot kerkorganisasies "worstel" met hierdie vraagstuk – klaarblyklik nie in staat om hulle een of ander kant toe sterk uit te spreek nie. Die Amerikaanse Baptiste Vereniging, Hervormde Judaïsme en Unitêre Universele laat almal die inseën van homoseksuele leraars toe en seën eenwording tussen mense van dieselfde geslag in die een of ander vorm.

Is *dit* veronderstel om "Christelik" te wees? Waar pas die *Bybel* in alles in? Wat *sê* die geïnspireerde Woord van God oor hierdie praktyke? Ter beskrywing van dwase en ellendige idees van heidense filosowe, skryf die apostel Paulus: "Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer – hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oorgegee aan **skandelike hartstogte**, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang" (Romeine 1:24-27).

Wat is die "straf" van die sonde van seksuele perversie? Toe die VIGS epidemie pas begin het, het een van die toonaangewende koerante in 'n redaksionele artikel geskryf dat hierdie verskriklike epidemie een van die "maklikste" sou wees om te stuit, **mits** homoseksuele met hul promiskue leefwyses sou staak. Hulle het dit natuurlik **nie gedoen nie**! Nou is **miljoene** lewens verloor en nog miljoene verduur folterende pyn en lyding. Groot dele van die Afrika vasteland is *lamgelê* as gevolg van VIGS!

VIGS is natuurlik net een van *vele* strawwe vir homoseksualiteit. Ander sluit in 'n baie groter voorkoms van geslagsiekte, 'n hoër graad van frustrasie en leegheid wat lei tot 'n hoë selfmoordsyfer en 'n algehele gebrek aan die soort toegewyde liefde, standvastigheid en ware gesinsverhoudings wat 'n ware Christenhuwelik behels. Gepraat van 'n gesin: daar sou natuurlik *geen ware gesinne* en *geen kinders* gewees het indien almal die voorbeeld van die homoseksuele sou volg nie. 'n Baie werklike Satan, die duiwel, sou die bestaan van die mensdom op hierdie aarde *uitgewis* het!

Voormalige presidensiële kandidaat, Howard Dean, spreek die mening uit wat deur baie "liberale" godsdienstiges gehuldig word, deur te verduidelik dat "sy besluit as goewerneur om die wetsontwerp te onderteken wat die

**Vervolg op bladsy 27**

# Inhoudsopgawe


## Voorblad: Persoonlik

**"Skandelike hartstogte"**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

**Hoofartikel..........................3**

**Die Twee Babilons**

**God se Volmaakte Wet van Vryheid......................................9**

**Bied u vrese die hoof..................15**

**Wanneer sal die Duisendjarige Ryk begin? .................................20**

**Siekte-epidemies: Die vierde ruiter..........................................24**

**Vrae en antwoorde.................................25**



## Wêreld van Môre

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**


© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Die Twee Babilons

## Deur Roderick C. Meredith

*Help The Da Vinci Code om te verduidelik hoe Christenskap gekaap is? Die egte WAARHEID rondom hierdie aangeleentheid mag u verstom!*

Dan Brown se *The Da Vinci Code* is al vir maande naby of aan die bopunt van die trefferslys. Miljoene mense is geboei deur hierdie betowerende roman. 'n Rolprent wat op hierdie boek gegrond is, sal sekerlik met verloop van tyd volg.

Wat is so ongewoon omtrent hierdie boek?

Behalwe dat dit vinnig ontvou en goed geskryf is, span *The Da Vinci Code* die lesers se verbeeldingskrag in. Hoewel dit in die vorm van 'n roman geskryf is – en verskeie fiksie en foute bevat waaroor 'n Christen skepties moet wees – kan dit 'n leser aanspoor om te besef dat daar onder die oppervlak *baie meer* in ons godsdienstige idees en praktyke steek as wat daar gewoonlik op die oog af blyk te wees. Daar is drie hoofkarakters in *The Da Vinci Code*: Sophie Neveu, 'n begaafde Franse kriptoloog; Robert Langdon, 'n simboloog van Harvard en Leigh Teabing, 'n voormalige Britse koninklike geskiedkundige.

Kom ons luister na hul gesprek oor die oorsprong van wat die wêreld vandag "Christendom" noem:

"'Geskiedkundiges staan steeds verstom oor die briljantheid waarmee Konstantyn die heidense sonaanbidders tot die Christendom kon bekeer. Deur heidense simbole, datums en rituele te laat saamsmelt met die groeiende Christentradisies, het hy 'n soort bastergodsdiens geskep wat vir beide partye aanvaarbaar was'.

'Metamorfisering,' sê Langdon. 'Die spore van heidense godsdiens in Christelike simbologie is onbetwisbaar. Egiptiese sonskywe het die stralekranse van Katolieke heiliges geword. Beeldskrif van Isis wat haar wonderbaarlik verwekte seun, Horus, voed, het die model geword van ons hedendaagse beelde van die maagd Maria wat die Baba Jesus voed. Bykans al die elemente van die Katolieke rituele – die biskopmus, die altaar, die lofsang en die Avondmaal, die 'God-eet' handeling – is regstreeks uit vroeëre heidense misteriegodsdienste geneem'.

Teabing kreun. 'Moenie 'n simboloog laat begin oor Christelike ikone nie. Niks in Christendom is oorspronklik nie. Die voor-Christelike god Mitras – wat die *Seun van God* en *die Lig van die Wêreld* genoem word – is op 25 Desember gebore, het gesterf, is in 'n klipgraf begrawe en is binne drie dae opgewek. Terloops, 25 Desember is ook die verjaardag van Osiris, Adonis en Dionisus. Aan die pasgebore Krishna is goud, wierook en mirre gegee. Selfs die Christendom se weeklikse heilige dag is van die heidene gesteel'.

'Wat bedoel jy?'

'Oorspronklik,' sê Langdon, 'het Christendom die Joodse Sabbat van Saterdag geëer, maar Konstantyn het dit verskuif om saam te val met die heidense verering van die dag van die son'. Hy bly stil en glimlag. 'Tot vandag toe woon die meeste kerkgangers Sondagoggend dienste by sonder dat hulle 'n idee het dat hulle daar is danksy die heidense songod se weeklikse eerbetuiging – *Sondag*'" (*The Da Vinci Code*, bladsye 232-233).

**Die geskiedkundige WAARHEID**

"Maar dit is alles fiksie!" mag u sê. "Waar het hierdie mal skrywer aan al hierdie vreemde idees gekom? Ek is seker dat *my* godsdiens heeltemal op die Bybel gegrond is!"

Asseblief vriende, *moenie so seker wees nie*!

Die Bybel self vertel ons: "**Beproef** alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Die eintlike *waarheid* is – *hierdie deel* van Dan Brown se

boek is gegrond op ware **feite** en ek daag u uit om **dit te bewys**. Die een geskiedkundige na die ander erken ook dat die oorspronklike Christendom van Jesus en die Apostels binne 'n paar eeue na Jesus se dood dramaties **verander** is! Soos gereelde lesers van die *Wêreld van Môre* teen hierdie tyd behoort te weet, het ons die een aanhaling na die ander van gerespekteerde "algemene" geskiedkundiges en teoloë opgenoem wat van hierdie welbekende feit getuig. Soos die bekende geskiedkundige, Will Durant, geskryf het:

"Christendom het nie die heidendom vernietig nie; maar dit aangeneem. Die Griekse verstand, wat sterwend was, het oorgegaan tot lewe in die teologie en liturgie van die Kerk; die Griekse taal, wat vir eeue oor filosofie geheers het, het die werktuig van Christenliteratuur en rituele geword; die Griekse misterieë is oorgedra in die indrukwekkende misterie van die Mis. Ander heidense kulture het bygedra tot die sinkretistiese gevolg. Van Egipte het die idees gekom van 'n goddelike drie-eenheid ... en 'n persoonlike onsedelikheid van beloning en straf; van Egipte die verering van die Moeder en Kind en die mistiese teosofie wat Neoplatisme en Gnostisisme meegebring en die Christelike credo verskuil het; daar sou die Christelike kloosterwese ook sy voorbeelde en oorsprong vind. Van Frigië het die aanbidding van die Groot Moeder gekom; van Sirië die opstandingsdrama van Adonis; van Thrasië, moontlik, die kultus van Dionisus, die sterwende en verlossende god ... Die Mitriese rituele het soveel met die eucharistiese offerande van die mis ooreengestem, dat Christenvaders die Duiwel aangekla het dat hy hierdie ooreenkomste uitgedink het om verswakte verstande te mislei. Christendom was die laaste groot skepping van die antieke heidense wêreld ... [Die Nagmaal] was 'n gedagte wat lankal deur tyd geheilig is; die heidense verstand het geen skoling nodig gehad om dit te aanvaar nie; deur die insluiting van die "misterie van die Mis" het Christendom die laaste en grootste van die misteriegodsdienste geword (*The Story of Civilisation,* Vol. 5, Durant, bl. 595, 599).

Paul Johnson, die hoogsgerespekteerde geskiedkundige, tel onder baie wat openlik erken dat die Bybelse *sewendedag Sabbat* wat deur Christus en die oorspronklike Apostels onderhou is, verander is: "Baie Christene het nie 'n duidelike onderskeid getref tussen hierdie sonkultus en hul eie nie. Hulle het na Christus verwys waar Hy "Sy strydwa deur die lug ry", hul dienste op Sondag gehou, na die Ooste gekniel en hul kersfees op 25 Desember gevier, die verjaardag van die son met die wintersonstilstand [in die Noordelike Halfrond]. Gedurende die latere heidense herlewing onder keiser Julianus, het baie Christene dit maklik gevind om afvallig te raak as gevolg van hierdie verwarring; die Biskop van Troje het aan Julianus gesê dat hy altyd in die geheim tot die son gebid het. Konstantyn het nooit afstand gedoen van sonaanbidding nie en die son op sy munte behou. **Hy** *het Sondag 'n dag van rus gemaak*" (*A History of Christianity*, Johnson, 1976, bl. 67-69, klem ons eie).

Wat het gebeur na Konstantyn? Die wydbelese, algemene godsdiensskrywer, Jesse Lyman Hurlbut, verduidelik: "Die vorms en seremonies van heidendom het geleidelik in die aanbiddingsdienste ingesluip. Party van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword met verandering in naam en aanbidding. Rondom 405 n.C. het beelde van heiliges en martelare in kerke begin verskyn, eers as herdenkings en toe in volgorde eerbiedig, vereer en aanbid. Die aanbidding van die maagd Maria vervang aanbidding van Venus en Diana; die Nagmaal raak 'n offer pleks van 'n herdenking; en die ouderling (opsiener) ontwikkel van prediker na priester ... Die kerk en die staat het een geword toe Christendom aangeneem is as die godsdiens van die ryk en dié onnatuurlike eenwording het twee euwels voortgebring, een in die oostelike en een in die westelike provinsies. In die Ooste het die staat die kerk oorheers totdat dit alle energie en opbouende lewe verloor het. In die Weste ["Rome", Red.], soos ons sal sien, het die kerk geleidelik wederregtelik mag

oor die staat toegeëien en die gevolg was nie *Christendom* nie, maar 'n min of meer korrupte *hiërargie* wat die nasies van Europa beheer het, deur die kerk hoofsaaklik 'n politieke masjien te maak" (*The Story of the Christian Church*", bl. 79-80).

**'n Hedendaagse "Babilon" geskep**

Waarheen lei dit alles dan? Het die leiers van die Protestante Hervorming werklik die belydende Christenkerk "terug op die spoor gebring" na die "geloof wat **eenmaal aan die** heiliges oorgelewer is" (Judas vers 3) – terug na die ware Christenskap van Jesus en die oorspronklike Apostels? Hoewel hulle sonder twyfel opreg was, het die Protestante hervormers die meeste van die anti-wet, anti-gehoorsaamheid gesindhede oorgedra wat hulle in hul rebellie teen "Moeder Rome" aangeneem het. Tog, soos Rome, was hulle steeds betrokke by 'n heidense stelsel van vals leerstellings, foutiewe Heilige Dae en vals konsepte van God, wat God Self in Openbaring 17:4-5 beskryf: "En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde".

Met hierdie vorm van "Christendom" as staatsgodsdiens, het hordes voormalige heidene "tot bekering gekom". Baie het dit gedoen uit gerief eerder as oortuiging en het hul ou geloof in die geheim onderhou. Ander het tot die nuwe sinkretistiese geloof gekom sonder om kennis te dra van sy oortuigings en kon slegs die mees basiese onderrig ontvang.

"Babilon" is 'n simbool van verwarring. Die ontstaan van die Rooms-Katolieke Kerk en die latere verskyning van talle "dogterkerke" het beslis 'n geestelike slapte van teenstrydige kerklike organisasies, leerstellings, credo's en praktyke meegebring – alles veronderstel om "Christelik" te wees. Tog stem **nie een** van hulle naastenby ooreen met die Christenskap wat die oorspronklike Apostels en die vroeë Kerk van God gevolg het vir dekades na die dood van Jesus van Nasaret nie. Hulle het *almal* talle heidense idees en praktyke behou wat vir die vroeë Kerk heeltemal vreemd sou wees!

Gedurende die 1940's het 'n bekende skrywer, Alexander Hislop, sy deurslaggewende boek, *The Two Babylons*, geskryf. Hoewel dit voorkom asof Hislop tot en met sy dood 'n Protestant gebly het, het hy noukeurig uitgewys – *met baie geskiedkundige dokumentasie* – dat die hedendaagse Rooms-Katolieke Kerk 'n voortsetting is van die antieke Babiloniese geheimsinnige sisteem en dat haar godsdiensfeeste en die meeste van haar praktyke direk van die Babiloniese godsdiens en priesterskap afkomstig is. Hislop tref *gedeeltelik* die verband met die "dogterkerke" wat uit Rome gekom het, maar hy was blykbaar verblind vir die volle betekenis van wat met hedendaagse "Christendom" gebeur het.

Na aan die begin van sy boek lê Hislop die basiese tesis uit wat hy dan ten volle dokumenteer:

"Dit was nog altyd bekend dat die Pousdom gedoopte Heidendom was; maar God maak dit nou duidelik dat die Heidendom wat deur Rome gedoop is, in al sy wesenlike elemente *die einste Heidendom is* wat oorheers het in die antieke letterlike Babilon, toe Jehovah voor Cirrus die tweebladhekke van koper oopgemaak en die ysterstawe uitmekaar gesny het ... Haar oordeel kom nou duidelik vinnig nader en namate dit nader kom, maak die Voorsienigheid van God, wat saamsnoer met die Woord van God, dit al hoe duideliker deur die lig wat van alle kante instroom, dat Rome inderdaad die Babilon van Openbaring is; dat die wesenlike karakter van haar stelsel, die grootse voorwerpe van haar aanbidding, haar feeste, haar leerstelling en dissipline, haar gebruike en seremonies, haar priesterdom en hul ordes, alles afgelei is van antieke Babilon; en laastens, dat die pous self waarlik en na regte die regstreekse verteenwoordiger van Belsasar is. In die oorloë wat gevoer is teen die

oorheersende aansprake van Rome, is dit alte dikwels as genoegsaam beskou om bloot haar aanmatigende grootpratery gestand te doen en oor die hoof te sien, dat sy die moeder en minnares van alle kerke is – die een Katolieke Kerk, buite wie se grense daar geen verlossing is nie. Indien daar ooit 'n verskoning was om sodanig met haar te handel, sal daardie verskoning nie meer geldig wees nie. Indien die posisie wat ek uitgelê het volgehou kan word, moet sy heeltemal van haar naam as Christenkerk gestroop word; want indien dit 'n Kerk van Christus was wat daardie nag byeengekom het toe die pouslike koning van Babilon te midde van sy duisend maghebbers 'die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip geprys [het]' (Daniël 5:4), dan is die Kerk van Rome geregtig op die naam van 'n Christenkerk, maar nie andersins nie. Dit sal vir party mense ongetwyfeld 'n baie verstommende posisie blyk te wees, maar dit is 'n posisie wat hierdie werk ten doel stel om te vestig en laat die leser vir homself oordeel of ek nie voldoende bewyse bring om my standpunt te ondersteun nie" (*The Two Babylons*, bl. 2-3).

Later beskryf Hislop hoe die Katolieke "biegstoel" van die heidendom geleen is om die priesters groter gesag oor die lekelidmate van die kerk te gee. Hy verduidelik dat die heidense feeste van Kersfees en Paasfees eeue **nadat** Christus die volle Waarheid aan Sy Apostels onthul het, in "Christendom" ingebring is. Hislop skryf: "Dit word inderdaad deur die meeste geleerde en openhartige skrywers van alle partye erken dat die dag van ons Heer se geboorte nie vasgestel kan word nie en dat 'n fees soos Kersfees ongehoord was *binne die Christenkerk tot die derde* eeu en dat dit eers laat in die *vierde* eeu veel eerbiediging verwerf het. Hoe het die Roomse Kerk dan 25 Desember as die Kersfeesdag vasgestel? Waarom, dus: Lank voor die vierde eeu en lank voor die Christenera self, is 'n fees onder die *heidene* gevier, presies op daardie tyd van die jaar, ter ere van die geboorte van die seun van die Babiloniese hemelkoningin en dit mag met billikheid aangeneem word dat, ten einde met die heidene te versoen en die aantal aanhangers van Christendom in naam te laat toeneem, dieselfde fees deur die Roomse Kerk aangeneem is deur net die naam van Christus daaraan te koppel. Hierdie neiging van Christene om heidendom halfpad tegemoet te kom, is baie vroeg reeds ontwikkel" (*The Two Babylons*, bl. 92-93).

*Inderdaad*.

Om heidendom halfpad tegemoet te kom "is *baie vroeg* ontwikkel" skryf Hislop! Tog sê God duidelik vir ons voorvaders: "Maak julle **nie** gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met 'n byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie" (Jeremia 10:2-4). Tog gaan hedendaagse kerkgangers voort om *presies dit* te doen – en dan het hulle die vermetelheid om die naam "Christen" buite op hierdie pakkie van **heidense** oortuigings en gebruike te stempel! Diegene wat waarlik belangstel in die basiese geskiedenis van hierdie verhouding tussen antieke Babilon en moderne belydende Christendom moet, indien moontlik, die boek *The Two Babylons* opspoor en lees en vir hulself **bewys** dat hedendaagse "kerkedom" bloot 'n voortsetting is van die ou Babiloniese godsdiens, met die naam "Christen" buite op gestempel!

**Wat nou voorlê**

Al hierdie inligting is **nie** bloot 'n filosofiese argument teen ware heidense praktyke nie, hoewel dit ook belangrik is. Die begrip van hierdie aangeleentheid kan ook *help* om opregte en ywerige Christene te *beskerm* teen die komende "Groot Slagting" wat in die Bybel as die Groot Verdrukking beskryf word – **mits** *hulle sal optree*! Die briljante skrywer Adrian Hilton beskryf die agtergrond van wat *nou* aan die gang is:

"Jesus het gesê dat Sy koninkryk nie van hierdie

wêreldorde was nie en het baie gepraat oor die wêreld en die Kerk wat koppe stamp tot Sy Wederkoms. Dit was nie totdat Konstantyn 'n proses van sinkretisme begin het, wat Christene die aard van die dier begin verstaan het wat aan die ontwikkel was nie. Die Joodse Sabbat van Saterdag is vervang met Konstantyn se edik wat werk verbied het op die 'eerwaardige dag van die son' [Sondag] en die viering van Pasga is onwettig verklaar – dit was strafbaar met die dood. Dit is vervang met 'Paasfees' [*Easter*], wat op 'n Sondag gevier en oorgeëerf is van 'n Babiloniese kultus van die godin Ishtar. Die Romeinse vals Christendom het veroorsaak dat baie getroue gelowiges die berge van Europa en Klein-Asië ingevlug het om vervolging en dood vry te spring en daar het hulle voortbestaan, uit die oog van die wêreld, as die ware Kerk van Christus. Die meerderheid van Christene het egter in ontsag gestaan van die universele invloed van die nuwe eenheid. Daar was een Ryk onder een Keiser wat een Kerk onder een God gelei het. Baie gelowiges het begin wonder of hulle nie die konsep van die Koninkryk van God misverstaan het nie – dit kon dalk die Kerk self of selfs die gekerstende Ryk gewees het. Sodoende is die noodlottige eenheid van Kerk en Staat bekragtig – 'n eenwording wat die ontwikkeling van Europa vir eeue in die toekoms sou vorm" (*The Principality and Power of Europe*, bl. 23-24).

Later gaan Hilton voort:

"Ewe belangrik vir die verenigingsproses is die uitwerking van die suksesse van die Hervorming. Selfs party prominente Evangeliesgesinde Christenleiers het hierdie gewigtige beweging van God as een van die grootste tragedies voorgehou wat ooit met die Kerk gebeur het en sê dat Protestante die "eenheid van Christendom" vernietig het. Hulle versuim om die ware aard van die Pouslike godsdiensstelsel, die dieptes van geestelike duisterheid waarin sy haar volgelinge hou en die lynregte teenstelling met ware Bybelse Christendom te noem. Dit blyk dat eenheid belangriker is as die waarheid. Die konsep van Christendom, hoe onbybels die gebruike ook al, belangriker blyk te wees as die nasionale grense wat gestel is tussen een vorstedom en 'n ander, ongeag die vryhede wat daardie grense sou beskerm.

Terwyl hy in 1983 in Oostenryk besoek afgelê het, spreek die pous hom uit teen die 'nasionale en kunsmatige grense' regdeur Europa. Hy voeg by:

'Europeërs moet die dreigende internasionale konfrontasies van state en bondgenootskappe oorwin en 'n nuwe, verenigde Europa skep, van die Atlantiese Oseaan tot aan die Oeralgebergte'.

In 1988 sit hy hierdie tema voort wanneer hy die Europese Parlement in Straatsburg toespreek; 'n geleentheid waar baie mense gevra het waarom iemand wat as 'n geestelike leier beskou word, die vraagstukke van *politieke* eenwording aangespreek het. In 1991 som die *Sunday Telegraph* die pous se planne vir die 'evangelisering' van Europa op. Dit lees:

'Hy is kalm besig om voor te berei om die mantel op te neem wat hy plegtig glo sy Goddelike Reg is – dié van nuwe Heilige Romeinse Keiser, wat heers van die Oeralgebergte tot aan die Atlantiese Oseaan'" (bl. 36-37).

**'n "Nuwe" Heilige Romeinse Ryk?**

Die pous wil, soos die Britse *Sunday Telegraph* berig het, oor 'n nuwe Heilige Romeinse Ryk "regeer". Die belangrikste vraag is egter: sal dit *werklik* "heilig" wees? Of sal dit eintlik 'n herlewing wees van 'n antieke, heidense, *Babiloniese* kerkstaatstelsel wat God verdoem?

In 'n profesie vir *ons tyd* beskryf die profeet Jesaja 'n hedendaagse maagdelike "dogter" van antieke Babilon, wat haar eie mense sou ontheilig (Jesaja 47:1-9). God beskryf hierdie hedendaagse Babilon duidelik as "gebiedster van die koninkryke" (vers 5). Dan sê God: "En [sy] sê: Ek sal in ewigheid wees, gebiedster vir altyd; jy het hierdie dinge nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie. Hoor dan nou dit, wellustige wat so veilig sit, wat in jou hart sê: Dit is ek en niemand anders nie! EK sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie. Hierdie twee dinge sal dan in 'n oomblik, op een dag, oor jou kom:

kinderloosheid en weduweeskap; in volle maat sal hulle jou oorval, ondanks die veelheid van jou towerye, ondanks die groot menigte van jou besweringe" (verse 7-9).

Let nou op hoe hierdie *presiese stellings* teen die *hedendaagse* Babilon gebruik word wat *Christus met Sy Wederkoms* sal beveg! "Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie – daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel" (Openbaring 18:7-8).

*Dit* is die eerskomende kerkstaatstelsel in Europa wat uiteindelik teen die Amerikaanse en Britse afstammelinge sal draai en die Groot Verdrukking sal meebring! Dit sal 'n *herlewing* wees van antieke Babilon – met sy priesterlike stande, sy heidense rituele en leerstellings en sy *algehele minagting* van die gebooie van God. Dit sal 'n slim *vervalsing* wees van ware Christendom. Vir miljoene mense sal dit egter soos die ware Jakob ***lyk***!

**Waarom**?

Omdat die oorgrote meerderheid van belydende Christene oor die algemeen **nie** die Bybel *bestudeer* nie. Hulle delf **nie** werklik diep en probeer om alle dinge te "bewys" soos God beveel nie. Daarom sal selfs baie evangeliesgesinde Christene **–** *en hul leraars* – uiteindelik opgevang word in die euforie van hierdie kragtige Babiloniese stelsel! Dit sal deel wees van die "ekumeniese beweging". Dit sal voorkom asof dit "die ding is om te doen".

Onthou asseblief Jesus se eie woorde: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is **min** wat dit vind" (Mattheus 7:13-14).

Die Jesus Christus van u Bybel gee ook hierdie kragtige waarskuwing: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die **wil** doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, *julle wat die* **ongeregtigheid** *werk*!" (Mattheus 7:21-23).

Die pragtige skynvertoon, die musiek, die prag en praal en intimiderende **mag** van hierdie komende Babiloniese stelsel sal baie indrukwekkend wees. Slegs diegene wat werklik die wil van God **doen** en *Sy gebooie onderhou – al* **tien** *daarvan* – sal in Christus se eerskomende Koninkryk wees. "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus **bewaar**" (Openbaring 14:12).

Heel aan die einde van Sy geïnspireerde Woord, vertel ons Skepper ons eenvoudig: "Salig is die wat **sy gebooie doen**, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen" (Openbaring 22:14-15). Die godsdienstowery en afgodediens van die Babiloniese stelsel sal vir baie miljoene mense aanloklik wees. Die *oorgrote meerderheid* sal daardie weg volg. Die bostaande skrifdeel waarsku egter *enigeen* wat "**leuens** *liefhet en doen*". Die leringe van hedendaagse "Babilon" is vol van 'n reeks **leuens**, misverstande en heidense gebruike.

Tog beskryf God se Woord die tydelike **rykdom** en **mag** van hierdie stelsel: "Want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies **verlei**. En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is" (Openbaring 18:23-24). En hoe sal dit **eindig**? "En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot

**Vervolg op bladsy 27**

# God se Volmaakte Wet van Vryheid

## Deur Mark Mandiola

*Dit is nie toevallig dat namate méér mense die onderhouding van morele en etiese beginsels heeltemal verwerp, baie demokratiese nasies hul regerings in 'n krisis bevind nie. Slegs wanneer 'n regering op God se volmaakte Wet van vryheid gegrond is, kan dit bly voortbestaan. Vryheid kan slegs seëvier wanneer burgers eerbaar en wetsgehoorsaam is. 'n Volmaakte wêreldregering wat vryhede vir die hele mensdom verseker, sal gevestig word in die wêreld van môre – maar hoe dit gaan gebeur, mag u verras.*

In 1947 het die Britse eerste minister Winston Churchill 'n stelling gemaak wat so dikwels aangehaal word dat dit amper 'n cliché geword het. Tog bly dit steeds waar: "In hierdie wêreld van sonde en ellende is daar reeds baie regeringsvorms beproef en sal daar nog baie beproef word. *Niemand gee voor dat demokrasie volmaak* of alwetend is nie. Trouens, daar word gesê dat demokrasie die swakste vorm van regering is – behalwe vir al die ander wat van tyd tot tyd beproef was".

Die Verenigde State se minister van binnelandse sake, John Foster Dulles, het gesê: "Ons nasie is gestig as 'n proefneming in *menslike vryheid*. Sy instellings weerspieël die geloof van ons stigtervaders dat mense hul oorsprong en lotsbestemming in God gehad het; dat Hy aan hulle onvervreembare regte geskenk het, dat hulle deur *morele wetgewing* voorgeskrewe verpligtings gehad het en dat menslike instellings mense hoofsaaklik behoort te help om hul Godgegewe moontlikhede te ontwikkel".

Namate Amerikaners, Kanadese, Britte en Suid-Afrikaners al verder afdwaal van die allerhoogste morele Wet, die Tien Gebooie, sien ons hoe daardie proefneming in demokrasie sy einde bereik en ten gronde gaan. Namate burgers die deugde, soos voorgeskryf deur daardie volmaakte Wet van vryheid verwerp, verrot regerings van binne afbuitentoe.

Vir 'n regering om sukses te bereik, moet dit gegrond wees op God se heilige en regverdige Wet. Indien dit nie stewig op daardie rotsbodem van geregtigheid gegrond is nie, sal dit skandelik ineenstort! Die VSA se regering was oorspronklik op baie van daardie Wette gegrond, maar hedendaagse Amerikaners oortree dit met grootskaalse minagting.

Horace Greeley, 'n Amerikaanse joernalis van die 1800's, het gesê: "*Vryheid kan nie daargestel word sonder moraliteit nie*, ook nie moraliteit sonder geloof nie. Dit is onmoontlik om 'n volk wat hul Bybels lees, verstandelik of maatskaplik, te verslaaf. Die beginsels van die Bybel is die grondslag van menslike vryheid".

John Adams, tweede president van die VSA, het gesê: "Ons Grondwet is slegs ontwerp vir 'n morele en gelowige volk. Dit is heeltemal ontoereikend vir enige ander regering". Op 6 Maart 1799 bepleit Adams 'n nasionale dag van plegtige verootmoediging, vas en gebed en kwoteer Spreuke 14:34: "Geregtigheid verhoog 'n volk, maar die sonde is 'n skandvlek vir die nasies". Die Bybel verklaar dat al God se Gebooie geregtigheid is en dat sonde wetteloosheid is (Psalm 119:172; 1 Johannes 3:4). Namate die VSA en ander Westerse nasies God se Gebooie verwerp en 'n onsedelike, hedonistiese lewensstyl aanneem, strek dit ander lande meer tot oneer en verloor hulle die kosbare gawe van vryheid in die proses.

Ons sien vandag die VSA se federale tekortbesteding wat buite beheer die hoogte inskiet. Die huidige Bush administrasie se planne is om die nasionale skuld oor die volgende twee jaar te verhoog met $1 biljoen en met $2.75 biljoen binne 'n dekade. Ongedissiplineerde besteding bedreig 'n ganse ekonomiese stelsel waarop die wêreld staatmaak.

Een van die grootste inherente swakhede van demokratiese regerings is die droewige feit dat die verkiesingsproses so ontwerp is dat politici astronomiese hoeveelhede geld kan spandeer om hul kiesers te behaag en herverkiesing te verseker. Alexis de Tocqueville, 'n Franse geskiedkundige wat in die vroeë 1800's deur die toé jong Verenigde State getoer het, het voorspel: “Die Amerikaanse republiek sal voortbestaan totdat politici besef dat hulle die volk met hul eie geld kan omkoop”.

Thomas Jefferson, skrywer van die Onafhanklikheidsverklaring en derde president van die VSA, het gewaarsku: “Ek plaas ekonomie onder die eerste en belangrikste *deugde* en staatskuld as die grootste van gevare. Om ons onafhanklikheid te bewaar, moet ons nie toelaat dat ons regeerders ons met onophoudelike skuld belas nie”. Jefferson maak ook hierdie stelling: “Daar bestaan nie 'n werktuig wat ‘n regering só korrup maak en wat ‘n volk só ontmoedig soos staatskuld nie. Dit sal tuis meer verderf meebring as al die buitelandse vyande”.

Die vryhede wat demokratiese nasies geniet het, was 'n wonderlike seën van die Skeppergod. Tog het die burgers ook die verantwoordelikheid om hoë morele, etniese en geestelike standaarde te handhaaf. Vir 'n regering om susesvol te wees, moet die mense *deugsaam* en wetsgehoorsaam wees.

Patrick Henry, beroemd vir sy stelling gedurende die Amerikaanse vryheidsoorlog: “Gee my vryheid of gee my die dood”, het ook gesê: “Geen vrye regering of *die seëninge van vryheid* kan vir enige volk behoue bly sonder 'n vasberade aanhang van geregtigheid, gematigdheid, bedaardheid, spaarsamigheid, *deug* en deur 'n gereelde terugkeer tot grondbeginsels nie”.

President Theodore Rooseveldt was selfs meer reguit: “Amerikanisme beteken die deugde van dapperheid, eer, regverdigheid, waarheid, opregtheid en moedigheid – dié *deugde* wat Amerika gemaak het. Die dinge wat Amerika sal vernietig is voorspoed teen enige prys, vrede teen enige prys, veiligheid eerste pleks van verpligtings eerste, die liefde van 'n gemaklike lewe en die word-vinnig-ryk teorie van die lewe”.

Alexander Hamilton, die eerste Amerikaanse minister van finansies het gesê: “*Natuurlike vryheid is 'n gawe van die liefdadige Skepper* aan die ganse mensdom; *burgerlike vryheid* is daarop gegrond”.

'n Vertaling van die lirieke van die lied “*America the Beautiful*”, sluit in “Amerika! Amerika! God herstel jou elke gebrek, bevestig jou siel in selfbeheersing, *jou vryheid in wet*”. Die nasie se wette, gegrond op die Amerikaanse grondwet en Verklaring van Regte, help om hierdie vryhede te verseker. Sy vryhede is bekragtig in wet. Sonder wet en moraliteit kan daar geen vrede wees nie.

Cecil B. De Mille, regisseur van die klassieke rolprent *The Ten Commandments*, het gesê: “Die Tien Gebooie is die handves en gids van menslike vryheid, want *daar kan geen vryheid wees sonder die Wet nie*”.

Selfs onlangse Amerikaanse presidente het aan God die eer gegee vir die seëninge van Amerika se vryhede. Aan die einde van sy staatsrede in Januarie 2003 sê George W. Bush: “Die vryheid wat ons so hoog op prys stel, is nie Amerika se gawe aan die wêreld nie, dit is God se gawe aan die mensdom”. Meer as 40 jaar vroeër, sê John F. Kennedy in sy inhuldigingstoespraak: “Die regte van die mens kom nie van die vrygewigheid van die staat nie, maar van die hand van God”.

Alexander Tytler, wat in 1776 *The Decline and Fall of the Athenian Republic* geskryf het, maak die opmerking dat die gemiddelde bestaan van die wêreld se vernaamste beskawings 200 jaar was. Hy beskryf hul lewensiklusse wat

vorder van slawerny tot *geestelike geloof*, tot groot dapperheid, tot *vryheid*, tot oorvloed, tot selfsugtigheid, tot selfvoldaanheid, tot ongevoeligheid, tot afhanklikheid – enterug naslawerny.

Tytler skryf: “'n Demokrasie kan nie bestaan as 'n blywende vorm van regering nie. Dit kan slegs bestaan totdat 'n meerderheid van kiesers besef dat hulle vir hulself gunste en gawes uit die skatkis kan losstem. Van daardie oomblik af, stem die meerderheid kiesers altyd vir díe kandidate wat die meeste voordele uit die staat se skatkis belowe, met die gevolg dat 'n demokrasie altyd ineenstort weens ongebonde fiskale beleid gevolg deur 'n diktatorskap”.

Die vroegste Amerikaanse leiers benadruk die behoefte vir *deugde*, 'n klem wat in vandag se samelewing bespot word. Hulle het geweet dat, vir 'n regering om staande te bly, hoë morele standaarde die norm moet wees. Deugde is van die hoogste belang vir 'n regering om suksesvol te wees. Niks som goddelike deugde beter op as die Tien Gebooie nie.

In Augustus 2003, is baie mediafokus geplaas op die omstrede Tien Gebooie monument in Alabama, nadat 'n federale regter beveel het dat die 2,270kg granietmonument van daardie staat se wetgewende gebou verwyder moes word. Dit was 'n tragiese dag toe die Tien Gebooie van openbare vertoon verban is.

Die stigtingsvaders het Amerika se wette gegrond op die Tien Gebooie; die hoogste, heiligste Wette wat ooit aan die mensdom gegee is, die einste Wet waarop die Judeo-Christen beginsels en siviele wette in die Westerse wêreld vir eeue gegrond was. James Madison, die vierde Amerikaanse president, wat beskou word as die vader van die Amerikaanse grondwet het gesê: “Ons het al ons politieke instellings gewaag op die vermoë van die mensdom vir selfregering, op die vermoë van 'n ieder en 'n elk van ons om onsself te regeer, om onsself te handhaaf *volgens die Tien Gebooie van God*”.

Met verwysing na die Tien Gebooie sê Abraham Lincoln: “Dit lyk vir my dat niks minder as oneindige wysheid moontlik hierdie *uitstekende en volmaakte morele kode* kon ontwerp en aan die mensdom gegee het nie. Dit is in alle lewensomstandighede vir die mens geskik en sluit alle verpligtings in wat verskuldig is teenoor hulle Skepper, hulself en hul medemens”.

Die Amerikaanse Hooggeregshof het geweier om die appél teen 'n federale regter se bevel om die Tien Gebooie te verwyder, aan te hoor. In die tussentyd word voorstellings van Moses en die Tien Gebooie in die Hooggeregshofgebou in Washington uitgebeeld. 'n Marmerbeeld van Moses word bo die hoofingang van die Amerikaanse huis van verteenwoordigers vertoon.

God het antieke Israel beveel om die Tien Gebooie prominent te vertoon. Dit is werklik 'n treurige verklaring dat die Verenigde State, die leidende volk van die Westerse wêreld, 'n grondwetlike krisis beleef om te besluit of die Tien Gebooie enigsins in die openbaar ten toon gestel mág word. Gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie sal die grootheid van Amerika as 'n nasie verseker. Om die Tien Gebooie te verpletter, is om die nasie te vernietig.

Let op wat Moses, wat selfs deur talle wêreldlike gesaghebbendes erken word as 'n groot wetgewer, die Israeliete beveel: “Kyk, ek het julle insettinge en verordeninge geleer soos die HERE my God my beveel het, om so te handel ... Onderhou dit dan en doen dit; want *dit is julle wysheid en julle verstand* voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: *Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk*. Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die HERE onse God so dikwels as ons Hom aanroep? En watter groot nasie is daar wat *sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet* wat ek julle vandag voorhou? Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en *jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak*” (Deuteronomium 4:5-9).

God is nie ná aan die volk wanneer hulle Sy regverdige

gebooie, insettinge en verordeninge vertrap nie. Inteendeel, Hy word al verder verwyder.

Daar is 'n georganiseerde beweging wie se doelwit dit is om alle verwysings na God en die Judeo-Christen geloof geheel en al van alle openbare plekke in die Verenigde State te verwyder, insluitende die aanhaling "*In God We Trust*" [Op God vertrou ons] wat op munte en note verskyn. Die Amerikaanse Hooggeregshof het ingestem om oorweging te skenk daaraan of "*under God*" [onder God] uit die belofte van getrouheid verwyder moet word.

In 1962, het die Amerikaanse Hooggeregshof bepaal dat vrywillige gebed nie in die volk se openbare skole toegelaat word nie. In 1963 het dit bepaal dat die Bybel ook nie in klaskamers gelees mag word nie. In 1980 het dit bepaal dat die Tien Gebooie nie in openbare skole ten toon gestel of vir kinders in die klaskamer geleer mag word nie.

Let op wat God sê nadat Hy Sy heilige, regverdige en gewyde gebooie aan Israel gegee het: "Ag, as hulle maar so 'n hart gehad het om My te vrees en al my gebooie altyd te onderhou, *dat dit met hulle en hul kinders vir ewig goed kan gaan*" (Deuteronomium 5:29).

Dit is geen toeval dat, namate God se gebooie verwerp word, geweld en onheil regdeur die land uitbreek nie. Volke ly wanneer hulle probeer om enige verwysing na God of die Tien Gebooie uit die samelewing te verwyder. Die profeet Hosea maak dit duidelik: "Hoor die woord van die HERE o kinders van Israel! Want die HERE het 'n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde *en geen kennis van God in die land is nie*. Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak. Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg ... My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp ... *omdat jy die wet van jou God vergeet het*, sal Ek ook jou kinders vergeet. Hoe meer hulle vermenigvuldig het, des te meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle heerlikheid in skande verander ... *Ek sal by hom besoeking doen oor sy weë en hom vergeld na sy dade* ... *want hulle het nagelaat om die HERE te vereer*" (Hosea 4:1-3, 6-7, 9-10).

In sy inhuldigingstoespraak in 1789 maak president George Washington díe stelling: "Die goedgesinde glimlag van die hemele kan nooit verwag word vir 'n nasie wat die ewige reëls van orde en reg, wat deur die hemele self gegee is, verontagsaam nie". In sy afskeidstoespraak beklemtoon Washington dat geloof en moraliteit noodsaaklik is vir 'n regering. Hy sê ook: "Ware geloof besorg aan 'n regering sy sekerste ondersteuning".

Beide John Adams en Thomas Jefferson het op 4 Julie 1826 gesterf, presies 50 jaar, tot die dag, nadat hulle die Onafhanklikheidsverklaring onderteken het.

Adams skryf in 'n brief aan Jefferson: "Het jy ooit in die geskiedenis een enkele voorbeeld teëgekom van 'n nasie wat deur en deur korrup was en wat later na *deug* herstel is? ... En *sonder deug kan daar geen politieke vryheid wees nie* ... Sal jy my sê hoe om te voorkom dat matigheid en werkywer tot welgesteldheid lei? Sal jy my sê hoe om te voorkom dat weelde verwyfdheid, besopenheid, spandabelrigheid, ontug en dwaasheid voortbring?"

Hoe profeties! Adams het geweet dat die Verenigde State bestem was om welgesteld te wees, maar hy het gevrees dat welgesteldheid die volk deeglik korrup sou maak. Revisionistiese geskiedkundiges het Jefferson se godsdienstige geloof bevraagteken. Tog skryf hy in 1781: "Ek sidder vir my land wanneer ek dink dat God regverdig is; dat Sy geregtigheid nie vir altyd kan slaap nie". By 'n ander geleentheid sê hy: "Kan die vryhede van 'n volk veilig bly wanneer ons die oortuiging verwyder het dat hierdie vryhede 'n gawe van God is?"

Die apostel Jakobus het baie te sê omtrent God se Wet van vryheid. Baie mense beweer dat God se Wet onderdrukkend is – 'n vloek en slawerny. In teenstelling sê Jakobus dat dit 'n wonderlike seën is. "Maar hy wat diep insien in *die volmaakte wet van die vryheid* en daarby bly, *hy sal*, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie,

maar 'n dader van die werk, *gelukkig wees* in wat hy doen" (Jakobus 1:25). Jakobus sê dat ons God se Wet moet bestudeer en daarvolgens leef. As ons daarin volhou, sal ons geseënd wees. Dit is duidelik dat hy die Tien Gebooie bespreek.

"As julle ewenwel *die koninklike wet* volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste *liefhê* soos jouself – dan doen julle goed ... Want wie *die hele wet* onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die *wet* geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur *die wet van vryheid geoordeel* sal word" (Jakobus 2:8, 10-12).

Die apostel Paulus verbind duidelik God se Wet met vryheid en liefde. Hy skryf in Romeine 8:2 "Want die *wet* van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my *vrygemaak* van die wet van die sonde en die dood". Hy sê in 2 Korintiërs 3:17 "waar die Gees van die Here is, daar is *vryheid*".

Hy skryf: "Staan dan vas in die *vryheid* waarmee Christus ons *vrygemaak* het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie ... Want julle is tot *vryheid* geroep, broeders; gebruik net nie julle *vryheid* as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die *liefde*. Want die hele *wet* word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste *liefhê* soos jouself" (Galasiërs 5:1, 13-14).

Die einste dryfkrag van Jesus Christus se kern evangelieboodskap was *regering*. Christus het duidelik gewys dat die Koninkryk van God rotsvas gegrond sal wees op God se regverdige gebooie.

"*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet* of die profete *te ontbind nie*. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in *die koninkryk* van die hemele; maar *elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele*" (Mattheus 5:17-19).

In die Koninkryk van God sal Jesus Christus "vir die gevangenes 'n vrylating [uitroep] en vir die geboeides opening van die gevangenis" (Jesaja 61:1). Sy regering sal op God se Wet gegrond wees. Sy regering en Wet sal deeglik verweef wees en sal nie ontrafel soos demokrasieë en ander vorms van regering gedurende die afgelope duisende jare nie.

"En *aan die einde van die dae* sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en *al die nasies sal* daarheen toestroom" (Jesaja 2:2).

Berge en heuwels is simbolies van nasies. Soos Openbaring 11:15 wys, sal die regerings van hierdie wêreld die Koninkryke van Jesus Christus word en Hy sal vir ewig en altyd regeer!

"En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die wet uitgaan* en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Jesaja 2:3).

Die Bybel toon dat God se heiliges oor nasies en op aarde sal regeer, as Konings en Priesters (Openbaring 5:10). Dit wys ook dat hulle God se Wet sal onderhou en toepas as wêreldheersers, tot almal se voordeel.

Voor die Koninkryk van God op aarde gevestig word, sal ons die ineenstorting sien van die Verenigde State van Amerika, Brittanje, Kanada, Suid-Afrika en ander demokratiese nasies namate hulle God se Wet versmaai. Gedurende die Groot Verdrukking sal 'n genadelose herrese Romeinse Ryk hierdie nasies wat God se Wet van vryheid verwerp het, verslaaf.

Jesus Christus sal egter hierdie goddelose stelsel, wat miljoene mense vir duisende jare verslaaf het, verbrysel. Sy regering sal nooit vernietig word nie en sal vir ewig bestaan, anders as al die mensdom se vergeefse regeringspogings oor die afgelope 6,000 jaar.

"Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel *'n koninkryk verwek wat in*

*ewigheid nie vernietig sal word nie*, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; *dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak*, maar self sal dit vir ewig bestaan" (Daniël 2:44).

Die profeet Daniël herhaal hierdie woorde: "En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is *'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie* ... en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid ... Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees" (Daniël 7:14, 18, 27).

Op die Vryheidsklok in Filadelfia, Pennsylvanië, staan in Engels gegraveer: "... en [roep] 'n vrylating [uit] in die land aan al sy bewoners" (Levitikus 25:10), verwysend na die trompet wat in antieke Israel geblaas is by die inleiding van die Jubeljaar elke 50ste jaar, wanneer slawe vrygelaat en skulde vergewe is.

Die Vryheidsklok was gegiet om die 50ste herdenking van Pennsylvanië se stigting in 1701 te vier. Die kolonieleiers het 1751 as "Jubeljaar" verklaar. Dit is gepas dat die Vryheidsklok in Filadelfia, die "Stad van Broederliefde", is waar die Amerikaanse stigtingsdokumente – die Onafhanklikheidsverklaring en die Amerikaanse Grondwet – opgestel is. Inderdaad, soos die Bybel duidelik toon, is wet, vryheid en liefde onafskeidbaar.

Jesus Christus se Wederkoms sal die vrymaking van die mensdom aankondig in God se Koninkryk, wat op God se Wet van vryheid wat uit Sion voortvloei, gevestig sal wees!

Die mensdom moet die pynlike les leer dat hul pogings tot selfregering, sonder God se riglyne, nuttelose optrede is. Wanneer die Koninkryk van God op aarde gevestig is, sal almal vryheid geniet en liefde betuig deur die Tien Gebooie te onderhou. Dan sal God se volmaakte regering stewig gegrond wees op God se volmaakte Wet van vryheid! **§**


# Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: "Hoe lief het ek u wet" en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

# Bied u vrese die hoof

## Deur Richard F. Ames

*Het u 'n tekort aan moed en gemoedsrus om vandag se wêreld die hoof te bied? Die Bybel bevat wesenlike sleutels wat van hulp kan wees!*

Ervaar u vrese en angs? Almal van ons ervaar persoonlike uitdagings. Baie van ons wonder soms hoe ons oor die weg gaan kom in ons moderne wêreld van konstante ekonomiese-, maatskaplike- en omgewingspanning. Die druk van die daaglikse lewe kan selfs ons emosionele stabiliteit uitdaag en ons magteloos van vrees laat. Die goeie nuus is dat u u vrese in die gesig **kan** staar. Daar is wesenlike sleutels tot geloof en gemoedsrus in die Bybel. In hierdie artikel gaan ons sewe strategieë ondersoek om u vrese in die gesig te staar.

Die ***eerste sleutel*** is om ***te weet wat die toekoms inhou en voorbereid te wees daarop***. Die Bybel gee vir ons 'n oorsig van die toekoms. Dit openbaar God se wonderlike doel en plan. God het aan die mens die voorreg van keuse gelaat: om te kies tussen reg en verkeerd; om te kies tussen die normale en die abnormale; om Sy geopenbaarde leefwyse te kies wat vrede bring, of om die weg van boosheid en oorlog te kies. Die Bybel openbaar dat ons uiteindelik 'n glorieryke wêreld van vrede en voorspoed sal hê! Die goeie nuus van die mensdom se uiteindelike lotsbestemming kan ons perspektief en hoop vir die toekoms gee. Ons het 'n keuse! Soos God aan Israel sê: "Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle. die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag" (Deuteronomium 30:19).

Die wêreld het meestal die weg van die dood gekies. Ons moet dus die werklikhede van hierdie vleeslike, selfsugtige en bose wêreld waarin ons leef in die gesig staar en dienooreenkomstig optree. Watter optrede? Let op hierdie raad in Spreuke: "'n Skrander mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf" (Spreuke 22:3). Hierdie beginsel is so belangrik dat die wyse koning Salomo dit in Spreuke 27:12 herhaal.

Deur te weet wat die toekoms inhou en voorbereid te wees daarop, sal u help om u vrese die hoof te bied. Jesus sê ons moet profetiese gebeure *verstaan* (Mattheus 24:15). In Lukas 21 beskryf Hy tekens wat Sy Wederkoms sal voorafgaan en gee Hy hierdie vermaning: "So moet julle ook ***weet*** dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie" (Lukas 21:31-33). Jesus sê dat ons waaksaam moet wees op profetiese gebeure sodat ons sal ***weet*** wanneer die Koninkryk van God naby is. Hy het nie gesê, "sodat ons kan ***raai*** wanneer die Koninkryk van God naby is nie".

Jesus verduidelik voorts hoe ons ons vrese die hoof kan bied deur te verstaan wat aan die kom is: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (verse 34-36).

Soos ons bewus bly van wêreldgebeure, nie slégs as vreeslike tragedies nie maar as tekens van Christus se spoedige Wederkoms, kan ons ons sorge oorkom en ons vrese die hoof bied.

Die Februarie 2002 uitgawe van die *Phychology Today* tydskrif verkondig op sy voorblad: "Oorwin vrees: Is ons te bang?" Dit bevat 'n artikel met die opskrif: "Moenie vrees nie".

Skrywers Brad Schmidt en Jeffrey Winters skryf: “Amerikaners is deesdae baie senuagtig. Wanneer ons versigtig ons pos oopmaak, is angs altyd teenwoordig ... Terroriste het op 11 September meer gedoen as om bloot geboue te vernietig; hulle het die Amerikaanse gees geskok. Die besonderhede spreek boekdele: Aptekers sê daar is 'n toename in die aanvraag vir teen-angs middels ... en party gesondheids- en mediese beamptes het 'n 25 persent toename in oproepe ondervind (bl. 46, 48). Die skrywer Ray Monsour Scurfield gee in sy artikel “Die Normale Abnormale” die volgende raad om opgewasse te wees: “Balans: ***Bly op hoogte van aktuele gebeure*** maar *gee aandag aan uself*” (bl. 50).

Ja, ons moet waaksaam wees vir profesie wat om ons vervul word. Die vinnige opvolging van gebeure moenie veroorsaak dat ons deur vrees oorweldig word nie; ons moet uitsien na die uiteindelike vervulling van die profesie: Die Wederkoms van Jesus Christus om die Koninkryk van God hier op die aarde te vestig.

'n ***Tweede sleutel*** om u vrese die hoof te bied is om ***u prioriteite te ken***. Wat is u grootste prioriteit in die lewe? Is dit slegs om te oorleef? Let op wat Jesus sê: “Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor ...” (Markus 8:35). Jesus wys dat ons 'n groter prioriteit moet soek as om bloot ons fisiese lewens te wil bewaar. Sy volgende opmerking wys vir ons wat daardie prioriteit moet wees. Hy sê: “Maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red. Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?” (verse 35-36).

Die Skeppergod het 'n wonderlike toekoms vir u beplan ná hierdie vreesagtige wêreld. Hy wil u in Sy Koninkryk hê wat binnekort na hierdie aarde gaan kom. Hoe groot prioriteit is daardie Koninkryk vir u? Onthou wat Jesus sê en merk hierdie vers in u Bybel: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheus 6:33).

Jesus Christus vertel ons dat die grootste prioriteit in die lewe is om die Koninkryk van God te soek. Christus sal terugkeer as Koning van konings en Heer van here om Sy Koninkryk hier op die aarde te vestig. Ek en u moet in daardie Koninkryk wees! Om na daardie Koninkryk te soek moet ons grootste doel en prioriteit wees. In sy *Psychology Today* artikel gee Scurfield die volgende raad: “Herbepaal prioriteite: Gee aandag aan dit wat die belangrikste is” (bl. 50). Waar gaan ons heen om uit te vind “wat die belangrikste is”? Ons ondersoek die Skrifte. Ons gaan na die Bybel, die Woord van God!

Wanneer u u eenmaal daaraan verbind het om eers die Koninkryk van God te soek, kan u vrese u nie oorweldig nie. Soos Jesus aan diegene wat Sy Koninkryk soek sê: “Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad” (vers 34).

Vrese kom soms as gevolg van ons eie sondige gedagtes en optrede. Wanneer ons sondig en weet dat ons gesondig het, voel ons skuldig. Ons is bevrees dat iets verskriklik met ons gaan gebeur en siedaar, daar gebeur dit! 'n ***Derde sleutel*** om u vrese te bowe te kom, is dus om ***u van u sondes te bekeer***.

Ja, ons moet ons vrese, ons bekommernisse en ***ons sondes*** erken! As ons ons werklik van ons sondes bekeer, sal God ons vergewe. Ons kan vry wees van angs en bekommernis wat gepaardgaan met skuldgevoelens! Ons kan gemoedsrus hê, verseker van God se belofte dat “Hy getrou en regverdig [is] om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Johannes 1:9).

Dit verg moed om ons sondes voor God te bely, maar wanneer ons die verantwoordelikheid vir ons eie dade aanvaar en ons bekeer van ons sondes, sal God ons vrede gee. Om ons te “bekeer” behels nie net om te sê ons is jammer nie. Werklike bekering behels dat ons ons optrede en denkwyse verander. Dit beteken om om te draai en die ander rigting in te slaan. Dit beteken om ons sondes voor God te beken en Hom om vergifnis te vra.

Wanneer u tot bekering kom, moet u Christus se offerande aanvaar as betaling vir u sondes en gewillig wees om God se regverdige Wet te gehoorsaam.

Kan u God se Wet gehoorsaam? Ja, u kan – deur die Heilige Gees in u, wat u ontvang tydens die doop. As Christen mag u nie daarin slaag om God se Wet volmaak te gehoorsaam nie, maar u sal leef volgens 'n patroon van gehoorsaamheid deur die inwoning van die Heilige Gees. U sal weet dat u in berou tot bekering na Christus toe kan gaan wanneer u struikel.

Toe die apostel Petrus op die eerste Pinksterdag oor bekering gepreek het, wat het hy die mense aangesê om te doen? Om hulle te bekeer en ***hulle te laat doop*** (Handelinge 2:38). Deur gedoop te word, verklaar ons ons geloof in Christus se offerande. As u berouvol is en ernstig daarna streef om 'n verandering in u lewe te maak, kan u dit oorweeg om gedoop te word. Moontlik was u selfs van tevore gedoop, maar besef nou dat u nie regtig bekeer was ten tye van die doop nie. Indien dit die geval is, skakel asseblief ons kantoor naaste aan u soos op bladsy 2 van hierdie tydskrif aangedui word. Ons sal u graag in kontak bring met 'n ware leraar van Jesus Christus, wat met u berading sal doen oor hierdie wesenlike sleutel om 'n Christelike lewe te lei en u vrese die hoof te bied.

'n ***Vierde sleutel*** om u vrese die hoof te bied, is om te ***bid oor alles wat u kwel***. Soms word u vrese bewaarheid. Soos die aartsvader Job opmerk: "As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe" (Job 3:25). Hoe hanteer u vrese en bekommernisse? Deur gebed kan u u vrese met God se hulp die hoof bied! Dit was die apostel Paulus se strategie; hy skryf: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God" (Filippense 4:6). Met ander woorde, deel u bekommernisse, u vrese en u besorgdhede in gebed met God! Bid oor alles wat u kwel! Deel u intiemste gedagtes met God; Hy ken dit in elk geval en wil u help as u in gebed na Hom kom.

Presies hoe moet u bid? Let op dat Paulus sê om "met danksegging" te bid. U kan God bedank vir al u seëninge. Bedank Hom vir die einste voorreg om Hom te mag vra vir Sy ingryping en vir oorwinning oor u vrese. Is u oorweldig met vrese, bewus van alles wat verkeerd geloop het in u lewe? Die skrywer van die ou 19e eeuse liedjie was reg toe hy geskryf het:

"As die lewenstorme woedend om jou slaan,

En jy, gans ontmoedig, vrees om te vergaan,

Tel jou seëninge, tel hul een vir een,

En jy sal verbaas wees oor wat God verleen".

Wanneer u u seëninge tel – wanneer u God bedank vir al die seëninge wat u ervaar het en nog in u lewe gaan ervaar – is daar 'n wonderlike resultaat, soos Paulus beskryf: "En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (vers 7).

Ja, u ***kan*** gemoedsrus hê – die einste vrede van God, maar Hy verwag dat u tot aksie sal oorgaan. Hy verwag dat u Hom om hulp sal vra en u geloof in God se bereidwilligheid om u te help, sal uitdruk deur Hom te bedank wanneer u u vrese met Hom deel.

'n ***Vyfde sleutel*** om u vrese in die gesig te staar, is om ***geloof te beoefen***. Hebreërs 11 word dikwels die "geloofshoofstuk" genoem. Dit vermeld helde en heldinne van die geloof. Wat is geloof? "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebreërs 11:1). Geloof is 'n versekering – 'n vertroue.

Abraham het geloof gehad. Hoewel hy baie oud was, het hy God se belofte geglo dat hy die vader van baie nasies sou word. "En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het. Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken" (Romeine 4:20-22).

Met ander woorde, God was vir Abraham 'n werklikheid. Hy het geweet dat God *heeltemal in staat was* om Sy beloftes gestand te doen. Het u al ooit die vraag gevra: "Wat het God my belowe?" As u geloof het, kan u die Bybel lees en honderde beloftes kry wat God vir u kan vervul, mits u Hom glo en gehoorsaam.

Is u bevrees dat u nie genoeg te ete sal hê, of klere om aan te

trek nie? Is u bekommernisse meestal oor u fisiese behoeftes? Let op hoe Jesus Sy luisteraars teregwys wat bevrees was dat hulle fisiese behoeftes nie bevredig sou word nie: "En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?" (Mattheus 6:28-30).

Ons *kan* op God vertrou om ons Sy geloof, Sy mag en Sy krag te gee. Wanneer ons die voorbeeld van Christus en die Apostels volg, kan ons ons vrese in die gesig staar – en hulle oorkom. Soos Paulus skryf: "En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees" (Filippense 4:9).

'n ***Sesde sleutel*** om u vrese in die gesig te staar, is om ***God te vrees***. Kan u werklik u vrese die hoof bied deur vrees te hê? Baie mense noem verkeerdelik die "vrees van God" primitief. Die Bybelse vrees van God is 'n diepe *eerbied* en *agting* vir die Skepper. Dit is 'n *ontsag* vir God se majesteit en grootsheid. Dit is 'n reaksie op die werklikheid van God. ***Wanneer u kies om God te vrees, sal u nie die mens vrees nie***.

Die vrees vir God en die liefde vir God sluit mekaar **nie** wedersyds uit nie. Baie dink verkeerdelik dat 'n mens óf die een *óf* die ander kan hê. Dit is *nie* wat u Bybel sê nie. Let op: "En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel, om te hou die gebooie van die HERE en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?" (Deuteronomium 10:12-13).

Ja, God verwag dat ons Hom *beide* moet liefhê en vrees. Beide eienskappe gaan hand aan hand! As u deur die boeke van Psalms en Spreuke lees, sal u *verstom* wees oor die seëninge en voordele wat met 'n goddelike vrees gepaard gaan! Byvoorbeeld: "In die vrees van die HERE lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders van 'n sodanige sal daar 'n toevlug wees" (Spreuke 14:26). Ware onverskrokkenheid ("sterk sekerheid") kom van God af.

Daar is nie vrede in ons wêreld vandag nie omdat so min mense beskik oor Goddelike vrees. Die apostel Paulus maak dit baie duidelik wanneer hy Jesaja aanhaal: "Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" (Romeine 3:15-18).

Hoeveel mense het u geken wat verwaand is en geen Goddelike vrees het nie? Ons wêreld het opregte, nederige Christene nodig wat die ware God eerbiedig. Ons moet die Messias, Jesus Christus, se voorbeeld volg. Hy het God gevrees (Jesaja 11:2). Hy leer ons: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies" (Mattheus 10:28-31).

'n Vrees vir God – eerbied vir die ware God – gee ons vrede en sekerheid. Ons kan weet dat God ons waardeer en dat Hy net die beste vir ons wil hê – en dat ons die beste kan kry indien ons Hom gehoorsaam.

Geloof is 'n teenmiddel vir vrees! Deur eers die belangrike dinge in die lewe te soek, sal u help om in geloof te groei! Namate u groei in geloof, sal u sien dat God in staat is om baie meer te doen as wat mense weet of selfs kan bedink. Soos Paulus skryf: "En aan Hom wat mag het om te doen ***ver bo alles wat ons bid of dink***, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen" (Efesiërs 3:20-21).

God wil hê dat ons ná aan Hom moet wees; Hy wil hê dat ons ons bekommernisse, vrese en besorgdhede met Hom moet deel. Hy wil hê dat ons Hom om hulp moet vra! Wees vrymoedig. Vra God om u te help soos Hy

beloof, "om te doen ver bo alles wat ons bid of dink".

Deur geloof te hê in God se beloftes, sal u u vrese in die gesig kan staar. Die "geloofs-hoofstuk", Hebreërs 11, herinner ons: "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Hebreërs 11:6). Die sleutel hier is om Hom *ywerig* te soek. U soek Hom deur elke dag tot Hom te bid. U soek Hom deur elke dag u Bybel te lees. Onthou: "Geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God" (Romeine 10:17).

'n ***Sewende sleutel*** om u vrese in die gesig te staar – die belangrikste sleutel vir 'n bekeerde Christen – is om ***God te vra vir die Heilige Gees***. God se Heilige Gees is die gees van liefde en krag. Hy gee ons daardie gawe nadat ons ons bekeer het en gedoop word. Soos ons vroeër gelees het, het die apostel Petrus op Pinksterdag met duisende mense gepraat toe die Nuwe-Testamentiese Kerk begin is. "En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Die Heilige Gees is 'n gawe van God. Na die doop lê die leraar sy hande op die hoof van die persoon wat gedoop is en maak aanspraak op daardie gawe. Die evangelis Timotheus, aan wie Paulus geskryf het, het die Heilige Gees ontvang deur die oplegging van Paulus se hande: "Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande" (2 Timotheus 1:6).

Die Heilige Gees is nie 'n Gees van vrees nie, maar van krag en liefde en van 'n gesonde verstand (vers 7). Die apostel Johannes skryf: "Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie" (1 Johannes 4:18). God sal u die geskenk van Sy liefde gee wat vrees uitdryf. Dit is die gawe van goddelike liefde deur die Heilige Gees. Met die Heilige Gees sal die bekeerde Christen self ervaar wat Paulus bedoel het toe hy skryf: "En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (Filippense 4:7). Mag God u inspireer om u vrese die hoof te bied en 'n lewe van vertroue, geloof en gehoorsaamheid te lei wat Hy vir u wil hê, soos u gereed maak vir u plek in Sy eerskomende koninkryk in die Wêreld van Môre. §


# Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie? Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Wanneer sal die Duisendjarige Ryk begin?

Deur Richard F. Ames

*Bybelprofesieë onthul dat God binnekort vrede na die aarde gaan bring vir 'n duisend jaar. Sal u gereed wees?*

Nie lank gelede nie was baie mense bekommerd dat die jaar 2000 die einde-van-die-wêreld rampe gaan inlui. Van die "Y2K probleem" tot scenarios van kern verwoesting, sterrereën en self Christus se Wederkoms na die aarde het party mense verwag dat die wêreld dramaties gaan verander met die begin van die "Nuwe Millennium".

Niks het gebeur nie. Die wêreld het inteendeel voortgegaan met sy eertydse siklus van oorlog, haat en geweld. Christene sien egter uit na die koms van die "werklike" Millennium: die tyd wanneer Jesus Christus gaan terugkeer om die Koninkryk van God en vrede op aarde gaan vestig vir 'n duisend jaar voor Sy oordeel oor die hele mensdom. Bid u dat die Koninkryk van God moet kom? (Mattheus 6:10).

Deesdae word dosyne oorloë gevoer tussen en binne nasies se eie geledere. Die tragedie van 11 September 2001 was 'n oproep tot bewuswording aan ons dat die Westerse wêreld baie kwesbaar is, maar daar ***is*** hoop vir ons planeet! Daardie hoop is in die ***werklike*** Millennium wat u Bybel belowe. Wanneer sal *daardie* Millennium begin?

In Openbaring onthul Jesus Christus die volgorde van eindtyd gebeure wat sal lei tot Sy Wederkoms en Sy Duisendjarige Ryk op aarde. God beloof 'n wonderlike toekoms aan ware Christene wat hulle tot Hom wend voor Sy Wederkoms. Hulle sal saam met Christus op aarde regeer vir 'n duisend jaar! Die Koninkryk van God gaan alle menslike koninkryke vervang. Die heiliges – ware Christene – sal as konings en priesters die nasies hier op hierdie aarde regeer, dien en leer. Openbaring beskryf hoe Christus Sy volgelinge vrygekoop en voorberei het vir hul toekomstige rol: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:9-10).

**Pre- Post- of Amillennialisme?**

Party mense onderrig verkeerdelik dat daar geen letterlike duisendjarige heerskappy van Christus op aarde sal wees nie. Hierdie lering staan bekend as ***amillennialisme***. Ander leer weer verkeerdelik dat die Kerk sal groei in gesag en invloed, moontlik oor duisende of tienduisende jare, biljoene mense tot bekering sal bring en sedelikheid en vrede na ons planeet sal bring voor Christus se Wederkoms om Sy laaste oordeel te voltrek. Hierdie valse lering word ***postmillennialisme*** genoem.

Die Bybel leer egter ***premillennialisme*** **–** dat Jesus Christus sal terugkeer ná die Groot Verdrukking en ***voor*** die Duisendjarige Ryk, om vir 'n duisend jaar saam met die heiliges op die aarde te regeer. Volgens die boek Openbaring sal die Duisendjarige Ryk aangekondig word deur die "sewende basuin" **–** "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Met die sewende basuin sal Jesus Christus terugkeer en die gelowige Christene wat in die graf is sal opgewek word tot onsterflikheid en heerlikheid. Let op hierdie bemoedigende stelling: "Want die Here self sal

van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan" (1 Thessalonicense 4:16). Ware Christene wat steeds leef met die Wederkoms sal van sterflik tot onsterflikheid verander word. "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word" (1 Korintiërs 15:51-53). Herrese Christene sal dan hul heerskappy saam met Christus begin vir 'n duisend jaar. Onthou: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6).

Die Bybel wys duidelik wanneer die Duisendjarige Ryk sal begin – met die Wederkoms van Jesus Christus! Vir watter ander tekens moet ons egter op die uitkyk wees? Is ons reeds al in die eindtyd? Al wat u moet doen om hierdie vraag te beantwoord is om na die wêreld se sedelike toestand te kyk. Bereik alle nasies ware blywende vrede? Het ons totaal ontslae geraak van wapens van massa-vernietiging?

Die grootste oorlog moet nog plaasvind, die Derde Wêreld-oorlog en "Armageddon" (vgl. Openbaring 16). Jesus van Nasaret het gewaarsku aangaande die gebeure wat Sy Wederkoms sal voorafgaan. Hy sê: "Maar wanneer julle hoor van oorloë en gerugte van oorloë, moet julle nie verskrik word nie, want dit moet kom. Maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan, en die een koninkryk teen die ander; en daar sal aardbewings wees op verskillende plekke, en daar sal hongersnode wees en beroeringe. Hierdie dinge is 'n *begin* van die smarte" (Markus 13:7-8).

Hierdie algemene neigings sal toeneem in felheid. U kan ook Jesus se ooreenstemmende boodskap in Openbaring 6 lees wat die vier beroemde perderuiters van die Apokalips beskryf. Daar word ook na hulle verwys as die vier seëls wat die boekrol bedek het. Hulle verteenwoordig vals godsdiens, groot oorloë en toenemende ongevalle, hongersnood, peste, siektes en dood.

Die vyfde seël wat in Openbaring 6:9-11 beskryf word, verteenwoordig 'n toekomstige marteling van Christene. Jesus waarsku Sy dissipels: "Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam" (Mattheus 24:9).

Daarna kom die sesde seël waarna verwys word as die "hemelse tekens". Johannes skryf: "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval" (Openbaring 6:12-13). Die hemelse tekens stel die Dag van die Here bekend en word verteenwoordig deur die sewende seël – 'n tyd van God se oordeel oor die wêreld. Die Dag van die Here waarna in meer as 30 profesieë in u Bybel verwys word, is die jaar-lange tydperk wat Christus se Wederkoms voorafgaan! "Want die HERE hou 'n dag van wraak, 'n **jaar** van vergelding in die regsaak van Sion" (Jesaja 34:8). Dit bestaan uit sewe "basuin plae" wat in Openbaring 8-11 beskryf word en sluit af met die sewende basuin wat die koms van die Koninkryk van God en die einde van die mensdom se heerskappy oor die aarde aankondig – die begin van die ***werklike*** Duisendjarige Ryk!

**Gruwel van die verwoesting**

Jesus het 'n baie besondere teken gegee van die naderende Duisendjarige Ryk. "Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug" (Mattheus 24:15-16).

In die eerste eeu het

Christene uit Jerusalem gevlug na die dorp Pella en die verwoesting vrygespring wat die Romeinse Leër in 70 n.C. oor Jerusalem gebring het. Die verband hier is egter "die voleinding van die wêreld" (vers 3). Jesus beskryf hierdie tydperk as "groot verdrukking" (vers 21) – die tyd van Satan se woede en bose vervolging: "Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het" (Openbaring 12:12). Soos Jesus sê, is hierdie tyd van vervolging die grootste ooit. Ten spyte van al die wreedhede en volksmoord wat ons in die verlede geken het, het die geskiedenis van die wêreld nog nooit hierdie graad van boosheid gesien nie.

Ons lees: "En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd" (Openbaring 12:13-14). Die Bybelse simbool vir die Kerk is 'n vrou (vgl. Efesiërs 5). God sal Sy ware heiliges – werklike Christene – beskerm teen die groot verdrukking. Hierdie is nie 'n geheime wegraping nie. Daar is nie so 'n gebeurtenis in die Bybel nie. Let op dat die vrou na "haar plek" in die woestyn geneem word. Die draak vervolg dan daardie louwarm Christene wat nie doelgerig gegroei het in die genade en kennis van Christus nie. "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou" (vers 17). Satan sal dan die oorblyfsel van die Kerk en die nasionale nasate van Jakob vervolg. "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jeremia 30:7). Hierdie unieke tyd in die algehele geskiedenis, die Groot Verdrukking, sal Satan se woede sien op die nasate van Jakob, die mense van Amerikaans- en Britse afkoms. Ons moet beslis hierdie waarskuwing ter harte neem!

Soos die Duisendjarige Ryk nader kom, sal God begin om kragtiger in te gryp in mensesake. Dramatiese astronomiese en aardse aktiwiteite sal almal se aandag trek. Let op: "En die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon Sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openbaring 6:14-17). Wie se woede sal op die nasies uitgestort word? Die Lam van God – Jesus Christus – sal toornig wees! Waarom? Omdat die meeste van die wêreld se mense teen God in opstand gekom het en die weg van boosheid volg. Johannes verduidelik dat "die hele wêreld in die mag van die Bose lê" (1 Johannes 5:19).

Ons het uit die Bybel gesien dat gelowige Christene vir 'n duisend jaar op hierdie aarde sal heers as konings en priesters. Daardie Duisendjarige Ryk van wêreldvrede is waarna ons almal uitsien. God is in beheer! Hy bedoel wat Hy sê. Die tyd kom wanneer alle nasies die ware God sal ken. "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:9).

Die wêreld vandag ken nie die ware God nie, maar die wêreld van môre sal die ware God van die Bybel en Sy Seun Jesus Christus ken! Mense sal gewillig wees om te leer. Na die verdrukking en die Dag van die Here sal die nasies nederig wees. Hulle sal selfs die weg van God en die Bybel *wil leer*! Let op: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom" (Jesaja 2:2). ***Al*** die nasies sal na Jerusalem, die nuut gevestigde wêreldhoofstad kom waar Jesus

Christus sal heers as die Koning van konings en Here van here. "En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel" (vers 3). Hulle sal kennis van God se weë begeer! Het ***u*** tans daardie begeerte? Let op wat die Messias, die Koning, Jesus Christus sal onderrig tydens die Duisendjarige Ryk. "Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem" (vers 3). Daardie woord is nou tot u beskikking, in u Bybel. Die Bybel is God se geskenk aan ons – ons moet dit daagliks lees! Soos Jesus sê: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32).

Die hele wêreld sal die ware weg na vrede leer. Jesus Christus sal alle nasies regeer en as 't ware meebring dat mense vreedsaam is. "En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:4).

Dit is die Duisendjarige Ryk wat ons almal begeer. Wêreld toestande toon die gevaarlike tye waarin ons nou lewe. Die geskiedenis bewys ook dat die mensdom nie die pad na vrede ken nie. God het die mense byna 6,000 jaar van gedokumenteerde geskiedenis gegee om te eksperimenteer met hul eie mensgemaakte instellings sonder Hom. Die geskiedenis van menslike pogings het oorlog, lyding en die dood tot gevolg gehad. Ons nader die einde van die mens se heerskappy op aarde. Die tyd word nou kort.

Ware Christelikheid leer die weg van vrede, liefde, geluk en goddelike voorspoed. Apostoliese Christelikheid – die Christelikheid van die eerste eeu – het uitgesien na daardie leefwyse in die uiteindelike Duisendjarige Ryk. Hier is wat die bekende geskiedskrywer, Edward Gibbon, geskryf het omtrent die Christendom van die eerste eeu se geloof in die Duisendjarige Ryk: "Die antieke en gewilde *leerstelling van die Duisendjarige Ryk* was in noue verband gesien met die Wederkoms van Christus. Soos die werke van die skepping in ses dae afgehandel is, is die duur daarvan in die huidige staat vasgestel op 6,000 jaar volgens 'n tradisie wat aan die profeet Jesaja toegeskryf word. Deur dieselfde analogie word dit afgelei dat hierdie lang tydperk van arbeid en teenstryd, wat nou byna verstryk het, opgevolg sal word deur 'n *vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar* en dat Christus, saam met die triomfantlike groep heiliges en uitverkorenes wat die dood vrygespring het of wat bonatuurlik opgewek is, sal heers op die aarde tot die tyd wat bepaal is vir die laaste en algemene opwekking" (*Decline and Fall of the Roman Empire*, Vol. 1, bl. 403).

Gelowige Christene, die ware heiliges, sal in die eerste opstanding wees om saam met Christus te regeer en die Duisendjarige Ryk in te lei. Die glorieryke Koninkryk van God op aarde sal ongekende prag en produktiwiteit voortbring. Jesaja gee aan ons hierdie duisendjarige visie: "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:6-9). Mag God daardie dag bespoedig. **§**

---

**Kom besoek ons gerus by ons Afrikaanse Webblad: http://www.wvm.co.za**

# Siekte-epidemies: Die vierde ruiter

Deur Douglas S. Winnail

Bybelprofesieë omtrent die einde van die tyd gebruik ontnugterende beelde van *vier ruiters* om die verskriklike gebeure te beskryf wat oor die wêreld gaan plaasvind kort voor die Wederkoms van Jesus Christus. Die vierde ruiter (Openbaring 6:7-8) versinnebeeld die uitbreek van *pestilensies en probleme* (Mattheus 24:7; Markus 13:8; Lukas 21:11) wat *'n kwart* van die wêreld se bevolking gaan teister met geweld, hongersnood en "die wilde diere van die aarde", wat virusse en bakterieë insluit (Openbaring 6:8). Teen die wêreld se huidige bevolkingsvlakke, beteken dit dat hierdie katastrofes meer as 1,5 biljoen mense sal dood! Rampe van hierdie omvang mag vergesog klink in die lig van die moderne mediese tegnologie, tog word *waarskuwings* van verwoestende globale epidemies al hoe meer gehoor. Dit dui daarop dat hierdie antieke Bybelprofesieë gereed is om vervul te word!

**Ontnugterende verslae**

Die afgelope dekades het mediese kenners kennis geneem van die herverskyning en verspreiding van aansteeklike siektes wat onder beheer geag was. Malaria het teruggekeer na gebiede waar dit bykans uitgewis was, maar word nou versprei deur muskiete wat bestand is teen insekdoders en parasiete wat antibiotika-bestand is. Vandag besmet malaria 600 miljoen mense en dood jaarliks meer as 'n miljoen kinders in sub-Sahara Afrika. Nog 'n hoofoorsaak van sterftes, tuberkulose, wat bestand is teen behandeling, versprei in ekonomies sukkelende Oos-Europese areas, Rusland, Asië en Afrika. Warmer temperature het die reikafstand van muskiete wat die Wes Nyl-virus versprei tot in Noord Amerika vergroot. Seksueel-oordraagbare siektes skiet in groot stede van die wêreld die hoogte in. Volgens 'n onlangse Verenigde Nasies verslag het die VIGS epidemie 40 miljoen mense regoor die wêreld besmet. In 2003 het VIGS meer as 3 miljoen mense gedood en meer as 5 miljoen mense besmet. Kenners meen ook dat die ergste nog kom! Die heruitbreek van aansteeklike siektes regoor die wêreld laat openbare gesondheidsbeamptes duidelik baie bekommerd – om verstaanbare redes!

**Ons kwesbare wêreld**

In die vorige eeu het die ontwikkeling van antibiotikums, die "wonder-oplossing" van moderne wetenskap, 'n vals gevoel van sekuriteit gebied wat baie mense laat glo het dat ons nie meer bedreig word deur aansteeklike siektes nie. Die verskyning van mikrobe wat bestand is teen kragtige medisynes, dui egter op die *beperkings* van wat antibiotikums kan vermag. Danksy internasionale lugvervoer kan siektedraers binne slegs 'n paar uur in kontak kom met duisende mense op besige lughawens halfpad om die aarde wat die verspreiding van sulke siektes grootliks aanhelp. Die ontstaan van mega-stede waar miljoene mense in noue kontak saamleef, fasiliteer ook die verspreiding van siektes. In ontwikkelende lande waar miljoene mense in krotbuurte saamdrom met min toegang tot skoon drinkwater, mediese dienste of die higiëniese verwydering van menslike afval en rommel, floreer hierdie siekte-epidemies. Maatskaplike ontwrigtings wat veroorsaak word deur oorlog en politieke onrus wat Afrika, die Midde-Ooste en ander dele van die wêreld teister, skep *ideale toestande* vir die verspreiding van aansteeklike siektes. Al hierdie faktore is teenwoordig en aan die toeneem in ons hedendaagse wêreld. Die bedreiging van bio-chemiese terrorisme – die opsetlike vrystelling van giftige mikrobes of chemiese middels in groot stedelike sentra – bied 'n vreesaanjaende scenario waardeur dit moontlik is om 'n

groot aantal mense in 'n baie kort tydjie te dood. In die laaste dekade het ons wêreld duidelik *kwesbaarder* geword vir die uitbreek van globale epidemies wat die potensiaal het om miljoene lewens te eis – presies wat die vierde ruiter uitbeeld!

**Die vergete verlede**

'n Vinnige blik op die geskiedenis onthul: "Epidemies het koninkryke verpletter, militêre leërs verslaan en ons leefwyse vir ewig verander" (*Fourth Horseman*, Nikiforuk, bl. 15). In die verlede het epidemies onverwags hul verskyning gemaak en dood en verwoesting oor groot dele van die wêreld gesaai. In die Middeleeue het melaatsheid, tuberkulose, kolera en maagkoors hoogty gevier in die morsige en saamgedwonge lewensomstandighede van die stede van daardie tyd. In 1348 het 'n plaagepidemie – die "Swart Dood" – binne slegs twee jaar *'n derde* van die bevolking van Europa gedood (ongeveer 30 miljoen mense)! Die plaag het al langs Middeleeuse handelsroetes versprei. Columbus se matrose het sifilis van Amerika af saamgebring en dit het spoedig deur Europa versprei, aangehelp deur promiskuïteit en openbare badhuise. Europeërs het pokke na Amerika gebring waar dit 100 miljoen Amerikaanse boorlinge in een dekade gedood het omdat hulle nie natuurlike weerstand teen die siekte gehad het nie. Die mees dramatiese globale epidemie in moderne tye was die griepepidemie van 1918, wat 50 miljoen mense in slegs 18 maande gedood het! In teenstelling hiermee het die slagvelde van die Eerste Wêreldoorlog vier jaar nodig gehad om 15 miljoen lewens te eis. Die onlangse uitbreek van EARS (Ernstige Akute Respiratoriese Sindroom) en die oplewing van aansteeklike siektes dui duidelik daarop dat die vierde ruiter steeds 'n bedreiging is vir die gesondheid van die mensdom en dat hy weer sal ry wanneer die toestande gunstig is.

**Lesse uit die geskiedenis**

Hoewel epidemies gereeld beskryf word as "dade van God" of natuurrampe, "verskyn hulle nie ongenooid nie. Dit verg 'n goeie dosis beskaafde provokasie om 'n epidemie te begin" (Nikiforuk, omslag). In ongeveer 450 v.C. het Hippokrates gemerk dat "siektes nie hul verskyning maak mits daar óf dramatiese verandering in menslike gesondheid óf in die gesondheid van die land is nie" – met ander woorde – "mense veroorsaak epidemies" (*ibid*., bl. 11). Die Duitse patoloog, Rudolf Virchow, wat as die vader van epidemiologie beskou word, het bykans 150 jaar gelede tot die gevolgtrekking gekom dat "epidemies soos *groot waarskuwings* lyk waaruit 'n staatsman ... kan aflei dat 'n versteuring plaasgevind het in die ontwikkeling van sy mense" (*ibid*.).

Menselewens en die hedendaagse omgewing verander op ongekende wyse. Kyk maar na die resultate van die bevolkingsontploffing: besoedelde lug en water in vullisbesaaide en groeiende stede, krotte waar miljoene mense in hole bly, woude wat deur ekonomiese ontwikkeling uitgeroei word en stygende temperature wat weerpatrone en die ekonomie regoor die wêreld beïnvloed. Voeg daarby die verskyning van medikasie-bestande kieme, siektes wat versprei word deur lugvervoer en immuunstelsels wat verswak is deur stres, vrye geslagtelike verkeer, binneaarse dwelmgebruik en wanvoeding, en jy het 'n dodelike resep vir globale epidemies. Die Vigs-epidemie en skerp-stygende voorkoms van seksueel-oordraagbare siektes is die biologiese resultate van losbandigheid, swak higiëne en 'n rits hoë-risiko gedragspatrone van mense wat fundamentele gesondheidsbeginsels ignoreer en wat nie bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die skade wat hul gedrag ander mense berokken nie.

Lank gelede het ons Skepper gewaarsku dat "as jy *nie luister* na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge [nie] ... [sal] die HERE ... maak dat die pes jou aankleef ... die HERE sal jou swaar tref met tering en koors en vurige koors ... waarvan jy *nie kan gesond word nie*" (Deutero-

**Vervolg op bladsy 26**

# Vrae en antwoorde

**V**: Verwys die Bybel se stelling "die Gees in die mens" (Job 32:8, 18) na God se Heilige Gees, of na 'n "onsterflike siel" in mense wesens?

**A**: Die antwoord is – *nie een van die twee nie*! Hoe dit ook al sy, daar is 'n "gees" in alle mense (Sagaria 12:1). Die meeste belydende Christene glo dat hierdie gees 'n "onsterflike siel" is wat in ons leef en ons by die dood verlaat. Om die waarheid te sê kom hierdie idee *nie* uit die Bybel nie, maar van antieke Egiptenare af; dit het ons bereik deur die Grieke, wat die idee eerste gewild gemaak het deur die geskrifte van Plato.

In teenstelling verduidelik Jesus dat 'n "siel" (Grieks *soma*, Hebreeus *nephesh*, verwys na 'n *fisiese* lewe en nie na 'n geestelike wese nie) *vernietig kan word* (Mattheus 10:28)! Esegiël het gesê dat "die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Esegiël 18:4, 20). Ons sien dus dat die "siel" *nie* onvernietigbaar is nie. Met sy skepping het die mens "'n lewende siel" *geword* (Genesis 2:7). Die mens *het* nie 'n siel nie. Die mens ***is*** 'n "siel". Wat is hierdie "gees" dan wat in elke mense wese is – en wat is die doel daarvan?

Toe God Adam en Eva geskape het, het Hy hulle die asem van die lewe gegee en ook 'n *nie-fisiese* element, die menslike gees, in hul brein geplaas. Diere kan nie die dinge van die mens weet nie. "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?" (1 Korintiërs 2:11). Hierdie *geestelike* kern, in samewerking met die fisiese brein, maak die menslike intellek moontlik – die mens se vermoë om te dink, te redeneer, te beplan en te skep. God het nie hierdie vermoë aan die diere gegee nie; hulle maak geheel en al staat op instink.

Op dieselfde manier, net soos geen dier die dinge van die mens kan weet nie, kan geen mens die geestelik geopenbaarde dinge van God behoorlik verstaan sonder *'n ander geestelike element* nie. Die Bybel onthul dat die mens geskape is met 'n behoefte aan *'n ander* gees – die Heilige Gees van God – wat met die menslike gees in die verstand werk. Met God se Heilige Gees kan ons dan die geestelike dimensie verstaan, insluitend die "dieptes van God" (verse 9-12). "So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God" (1 Korintiërs 2:11).

Deur God se plan van verlossing kan ons die Heilige Gees van God ontvang (Handelinge 2:38; Johannes 7:38-39), wat *bygevoeg* word tot ons menslike gees. Ons is geestelik "verwek" van God wanneer ons die Heilige Gees ontvang. God is besig om 'n Gesin te skep (Efesiërs 3:14-15; 1 Johannes 3:1-3). Die menslike gees in die mens en die Heilige Gees van God *verenig* om 'n *geestelik verwekte* kind van God te maak (Romeine 8:14-17, NV), net soos die manlike spermsel en die vroulike eiersel verenig om 'n verwekte (maar nog nie gereed vir geboorte) menslike wese te vorm. Ons groei dan geestelik regdeur ons lewens, totdat ons weer gebore word tydens die opstanding en tot die Godgesin toetree as goddelike wesens wat geheel en al uit gees saamgestel is. §

## Siekte-epidemies (Vervolg vanaf bladsy 25)

nomium 28:15-28).

Die Bybel onthul dat, as gevolg van die mensdom se gewilligheid om fundamentele fisiese en morele wette te ignoreer, sal ons die *vrugte pluk* van die verbreking van daardie wette en dat "allerhande siektes en allerhande plae ... dié sal die HERE teen jou laat opkom totdat jy verdelg is" (Deuteronomium 28:61). Jesus Christus het ook gewaarsku dat globale ellendes die voortbestaan van die mensdom sal bedreig voor Sy Wederkoms (Mattheus 24:21-22). Wanneer die vierde ruiter sy laaste rit begin, gaan hy deur menslike gedrag in die lewe geroep word. Hierdie ontnugterende profesieë is besig om te ontwaak en gaan binnekort vervul word! §

## Die Twee Babilons (Vervolg vanaf bladsy 8)

stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie" (vers 21).

God waarsku: "Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van **duiwels** en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls" (vers 2). Dan beveel God: "En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "**Gaan uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie" (vers 4).

In hierdie tydskrif sal ons voortgaan om die profetiese gebeure te verduidelik wat nou ontvou om die herlewing van Babilon én die toekomstige Koninkryk van God mee te bring. *Ons boodskap* sal **nie** gewild wees nie! Ons sal geteister, gespot en vervolg word omdat ons aan u die **eenvoudige waarheid** bring oor wat *werklik* in wêreldsake aan die gebeur is.

Mag God *u* help om te **reageer** op hierdie boodskap terwyl u nog die geleentheid het. Mag God *u* help om vir uself te begin **bewys** wat die Bybel werklik sê en om meer te wete te kom – *en om dit te vervul* – oor die ware **doel** van en vir u lewe.

"Hy wat **oorwin**, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood" (Openbaring 21:7-8). **§**

## Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

burgerlike eenwording vir homoseksuele in Vermont gewettig het, beïnvloed is deur sy Christensienings, namate hy dieper in die groeiende politieke, godsdienstige en kulturele debat oor homoseksualiteit en die Bybel se siening daarvan betrokke geraak het" (*Washington Post*, 8 Januarie 2004). Sy siening staan in teenstelling met die "meer konserwatiewe Christene wat 'n meer letterlike benadering huldig en verwys na tekse in die Ou- en Nuwe Testamente wat hulle glo homoseksualiteit verbied. Levitikus 18:22 sê byvoorbeeld: 'Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel'" (*ibid.*).

Dit is verbasend dat die skrywer van daardie berig in die *Washington Post – soos die meeste liberale skrywers in die media* – die stelling maak dat konserwatiewe Christene teksverse uitwys wat "hulle glo" homoseksualiteit verbied.

"*Hulle glo!*"

Hoeveel duideliker kan God se Woord wees as om hierdie gebruik 'n "gruwel" te noem in dieselfde teksvers wat die skrywer aanhaal? Hoeveel duideliker kan die apostel Paulus wees ter beskrywing van hierdie perversie as "skandelike hartstogte" (Romeine 1:26)? Of deur hierdie Skrifgedeelte af te sluit deur te skryf dat: "die wat sulke dinge doen, die **dood** verdien" (vers 32)?

Is die geïnspireerde Skrifgedeelte in 1 Korintiërs 6:9-10 werklik so moeilik om te ontsyfer? "Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of *wellustelinge* of *sodomiete* of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie".

Die Bybel is die onthulling van die *gedagtes van God* – die gedagtes van die Opperwese wat ons manlik en vroulik gemaak het en sê dat **een** man en **een** vrou "een vlees" moet word in die huwelik (Genesis 2:24). In die verlede, toe ons Skepper 'n toenemende aanvaarding van die "skandelike" gebruike gesien het wat ons samelewing toenemend "normaal" genoem het, het Hy beslissend ingegryp. Die Woord van God beskryf wat in een so geval plaasgevind het: "Soos

Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het, as 'n **voorbeeld** gestel is, terwyl hulle die straf van die **ewige vuur** ondergaan" (Judas vers 7).

Indien ons in Suid-Afrika as nasie wil bly voortbestaan, mag God ons help om **wakker te skrik** en **weerstand** te bied teen hierdie neiging tot homoseksuele huwelike! Indien ons liberale howe dit regkry om hierdie kwessie op ons af te dwing, mag God ons leiers en mense die innerlike krag gee om op te staan en te sê: "Genoeg!"

Soos aangehaal in die *World*-tydskrif (10 Januarie 2004) sê maatskaplike kommentator Cal Thomas: "Indien konserwatiewe groepe misluk om hulle rondom die huwelik as kernwaarde van ons samelewing en volk saam te snoer, sal daar min vir hulle oorbly om voor te staan wanneer aktivistegroepe probeer om die paar oorblywende grondbeginsels van ons volk te verwyder. En glo my, hulle sal probeer".

Die Ewige God beveel Sy getroue leraars: "**Roep uit die keel**, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle **sondes**. Wel soek hulle My dag vir dag en het 'n behae in die kennis van my weë! Soos 'n nasie wat geregtigheid doen en die reg van sy God nie verlaat nie, vra hulle My na die regverdige verordeninge; hulle het 'n behae in die toenadering tot God" (Jesaja 58:1-2). Ja, miljoene Amerikaners (en Suid-Afrikaners) woon liberale kerke by waar leraars gewoonlik "te gaaf" is om kommentaar te lewer oor die toenemende verdorwenheid in ons samelewing. Kerkgangers wil hulself gewoonlik "om die bos lei" dat hulle God se weë wil probeer leer, tog sou hulle *te na gekom* voel indien 'n leraar werklik "sy stem soos 'n **basuin** verhef" en aan hulle hul sondes uitwys! Die apostel Paulus beskryf hierdie mense as mense "wat 'n *gedaante* van godsaligheid het, maar die **krag** daarvan verloën het" (2 Timotheus 3:5). Dan beveel hy: "**Keer jou** *ook van hierdie mense* **af**!"

Mag God elkeen van u afsonderlik en ook ons volk help om te sien waarheen hierdie perverse gedagtes en gebruike lei en om hulle **te bekeer** voordat die duisternis toesak.




## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel: 058 622 1424**
**en vermeld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**